

GRAAD 11 : KWARTAAL 2 : TAALSTUDIE nr. 5

TAALSTUDIE 5

Lees die onderstaande teks noukeurig deur en beantwoord al die vrae.

Muise se vrees vir katte verdwyn

Deur René-Jean van der Berg, Johannesburg

1. Navorsers het daarin geslaag om muise se reuksintuie so aan te pas dat hulle nie meer bang is vir katte nie.
2. Muis se kind was daarna so kordaat dat hulle selfs met die katte probeer speel het.
3. Die waagmoed het gekom nadat sekere reukreseptors in die brein geneties aangepas is.
4. Prof. Ko Kobajakawa, een van die navorsers aan die Universiteit van Tokio in Japan wat vir die dapper muise verantwoordelik is, sê die nuutste bewys dat vrees geneties by soogdiere is en dat dit nie aangeleer word nie.
5. "Muise is uit die staanspoor baie bang vir katte. Hulle raak angsbevange en vlug sodra hulle 'n kat of 'n roofdier ruik," sê hy.
6. "Ons het sekere reukselle in die muise verwyder of aangepas en die muise was op hul gemak saam met katte."
7. Prof. Kim Dae-soo, wat spesialiseer in senugenetika, sê die navorsing kan baie lig werp op watter netwerke in die brein noodsaaklik is om vrees te beheer.
8. Prof. Hitosji Sakano, ook van die Universiteit van Tokio, verduidelik dat soogdiere reuk met vrees assosieer.
9. "In ons navorsing het ons muise se reukreseptors op twee maniere gemanipuleer. Een groep muise se reuksintuig is baie verswak. Nogtans was hulle bang wanneer hulle 'n roofdier geruik het."
10. "Die ander groep kon wel goed ruik, maar die reseptors in die brein kon nie die reuk as "gevaar" vertolk nie en die muise kon dit nie met vrees assosieer nie.
11. "Die muise was glad nie bang vir katte nie en het selfs tydens die proefnemings met hulle gespeel."
12. Muise het 1 999 reukreseptore terwyl die mens net 400 werkende en 800 onaktiewe reukreseptore het.
13. Bronne: Reuters, Sapa, AP en National Geographic.

Uit Rapport 16 Desember 2007, bl. 2.

1. Skryf die sin in die eerste paragraaf in die **teenwoordige tyd**.
2. Gee 'n sinoniem vir die woord "**kordaat**" (par. 2).
3. Wat word die inwoners van **Japan** genoem?

4. Verduidelik wat die woord "**soog**" in "**soogdiere**" beteken.
 5. Gee 'n voorbeeld van 'n **metamorfeem** vanuit par. 5.
 6. Waarvoor staan die afkorting "**prof**"?
 7. Kyk na die sin in paragraaf 6. Skei die sin en maak twee **enkelvoudige** sinne.
 8. Gee die **bywoordelik bysin** wat voorkom in paragraaf 1.
 9. Brei die onderstreepte sin in paragraaf 5 uit met 'n **byvoeglike bepaling**.
 10. Gee die intensiewe vorm vir "**bang**".
 11. Wat beteken die voorvoegsel "**on-**" in die woord "**onaktiewe**"?
 12. Haal uit voorbeeld van 'n **samestellende afleiding** vanuit par. 11.
 13. Maak 'n selfstandige naamwoord met "**assosieer**".
 14. Maak 'n werkwoord met "**manipulasie**" en gebruik dit in 'n goeie sin.
 15. Skryf die sin in par. 6 in die **lydende vorm**. Begin met: Hy het gesê...
-

